*Scriptura 77 (2001), pp. 193-209*

# BYBELGEBRUIK IN DIE BELHARBELYDENIS SE ARTIKEL OOR 'EENHEID'

Andries Daniels
VGKSA Rynse Gemeente Stellenbosch
Departement Ou en Nuwe Testament
Universiteit Stellenbosch

**Abstract**

*This article examines the use of Biblical texts in the section on "unity" in the Confession of Belhar. The content of this section is discussed and its structure is expounded. A short description of the historical context in which the Confession of Belhar was formulated is provided, as well as of the process by which this document was accepted as official confession of the then Dutch Reformed Mission Church. Subsequently, the common denominator among the texts that are quoted in this section of the confession is identified, and the point of view of Belhar on the issue of "unity" is elaborated on. Thereafter, the exegetical issues involved in the quoted Biblical texts are identified and discussed. This contribution comes to the conclusion that these texts were quoted in the confession as a means of resistance against the lack of unity in the church in Apartheid-South Africa. Although they served the purpose of resistance against the status quo, these texts also provided comfort for the members of the Dutch Reformed Mission Church.*

## 1. Inleiding

Hierdie artikel is deel van 'n groter navorsingsprojek wat worstel met die vraag: *Watter invloed het verskillende kontekste van sosiale transformasie op die gebruik van die Bybel wanneer Gereformeerde Kerke op sosiale vraagstukke respondeer?* Die hipotese is dat verskillende kontekste van sosiale transformasie tot verskillende modes van Bybelse interpretasie lei. Hierdie modes varieer van legitimering tot weerstand (met akkommodasie en apologie êrens tussenin). Een van die gevallestudies fokus op die Belydenis van Belhar (hierna Belhar genoem).

Die onderwerp van hierdie artikel gaan oor eenheid. Eers sal daar op die inhoudelike gefokus word. Daarna sal 'n beskrywing van die historiese konteks tot die opstel van Belhar en tot die aanvaarding daarvan verskaf word. Vervolgens word aangedui wat Belhar oor eenheid sê en word na belangrike eksegetiese vraagstukke[1] gekyk.

1. Langs die tekste word aangedui met watter subartikel in Belhar dit vermoedelik saamhang.

## Inhoud van Artikel 2 van die Belydenis van Belhar

| INHOUD | | TEKSTE |
|---|---|---|
| **1.** | **Ons glo aan een heilige algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges, geroepe uit die ganse menslike geslag.** | |
| **Ons glo** | | |
| 1.1 | Dat die versoeningswerk van Christus sigbaar word in dié kerk as geloofsgemeenskap van diegene wat met God en onderling met mekaar versoen is; | Ef. 2:11-22 |
| 1.2 | Dat die eenheid van die Kerk van Jesus Christus daarom gawe én opdrag is; dat dit 'n samebindende krag is deur die werking van Gods Gees, maar terselfdertyd 'n werklikheid is wat nagejaag en gesoek moet word en waartoe die volk van God voortdurend opgebou moet word; | Ef. 4:1-16 |
| 1.3 | Dat hierdie eenheid sigbaar moet word sodat die wêreld kan glo; dat geskeidenheid, vyanskap en haat tussen mense en mensegroepe sonde is wat reeds deur Christus oorwin is en dat alles wat die eenheid mag bedreig, gevolglik geen plek in die kerk van Christus mag hê nie, maar bestry moet word; | Joh. 17:20-23 |
| 1.4 | Dat hierdie eenheid van die volk van God op 'n verskeidenheid wyses sigbare gestalte moet kry en werksaam moet wees: | Filip. 2:1-5<br>1 Kor. 12:4-31 |
| 1.4.1 | Daarin dat ons mekaar liefhet; | Joh. 13:1-17 |
| 1.4.2 | Daarin dat ons gemeenskap met mekaar beleef, najaag en beoefen; | |
| 1.4.3 | Daarin dat ons skuldig is om onsself tot nut en saligheid van mekaar gewillig en met vreugde te gee; | |
| 1.4.4 | Daarin dat ons een geloof deel, een roeping het, een van siel en een van sin is; | 1 Kor. 1:10-13<br>Ef. 4:1-6 |
| 1.4.5 | Een God en Vader het, van een Gees deurdronge is, van een brood eet en uit een beker drink, met een doop gedoop is, een Naam bely, aan een Heer gehoorsaam is, vir een saak ywer, een hoop met mekaar deel; | 1 Kor. 10:16-17<br>1 Kor. 11:17-34 |
| 1.4.6 | Saam die hoogte en breedte en diepte van die liefde van Christus leer ken; | Ef. 3:14-20 |
| 1.4.7 | Saam opgebou word tot die gestalte van Christus, tot die nuwe mensheid; | |
| 1.4.8 | Saam mekaar se laste ken en dra en so die wet van Christus vervul, mekaar vertroos; | Gal. 6:2<br>2 Kor. 1:3-4 |
| 1.4.9 | Saam met mekaar ly vir die geregtigheid; | |
| 1.4.10 | Saam bid; | |
| 1.4.11 | Saam diensbaar is aan God in hierdie wêreld; | |
| 1.4.12 | Saam stry teen alles wat hierdie eenheid mag belemmer of bedreig; | |
| 1.5 | Dat hierdie eenheid slegs in vryheid gestalte kan vind en nie onder dwang nie; | |
| 1.6 | Dat die verskeidenheid van geestelike gawes, geleenthede, agtergronde, oortuigings, soos ook die verskeidenheid van taal en kultuur, vanweë die versoening in Christus geleenthede is tot wedersydse diens en verryking binne die een sigbare volk van God; | Rom. 12:3-8<br>1 Kor. 12:1-11<br>Ef. 4:7-13<br>Gal. 3:27-28 |
| 1.7 | dat die ware geloof in Jesus Christus die enigste voorwaarde is vir lidmaatskap van hierdie kerk. | Jak. 2:1-13 |
| **Daarom verwerp ons enige leer** | | |
| 1.8 | Wat of die natuurlike verskeidenheid of die sondige geskeidenheid so verabsoluteer dat hierdie verabsolutering die sigbare en werksame eenheid van die kerk belemmer of verbreek of selfs lei tot 'n aparte kerkformasie; | |
| 1.9 | Wat voorgee dat hierdie geestelike eenheid werklik bewaar word deur die band van die vrede wanneer gelowiges met dieselfde belydenis van mekaar vervreem word ter wille van die verskeidenheid en vanweë die onversoendheid; | |
| 1.10 | Wat ontken dat 'n weiering om hierdie sigbare eenheid as 'n kosbare gawe na te jaag, sonde is; | |
| 1.11 | Wat, uitgesproke of onuitgesproke, voorgee dat afkoms of enige ander menslike of sosiale faktore medebepalend is vir lidmaatskap van die kerk. | |

In breë trekke kan 'n mens artikel 2 in twee afdelings verdeel, naamlik die "glo-gedeelte" en die "verwerp-gedeelte". Van nader bekyk is dit duidelik dat die "glo-gedeelte" in 7 "dat-sinne" of "objek-sinne" verdeel is.

In die eerste (1.1) word genoem dat soos God en mens, mens en mens onderling met mekaar versoen word, so word Christus se versoeningswerk sigbaar. 1.2 verklaar dat die eenheid 'n gawe en opdrag is. Dit is 'n samebindende krag, 'n werklikheid wat nagejaag en gesoek moet word, sodat die lede opgebou kan word. 1.3 noem dat dit sigbaar moet word, sodat die wêreld kan sien dat verdeeldheid en rassisme nie plek in die kerk moet hê nie en dat dit beveg moet word. 1.4 spel 12 maniere uit hoe die eenheid gestalte moet kry. 1.5 noem dat eenheid in vryheid gestalte moet vind. 1.6 noem dat mense mekaar met hul gawes moet bedien ongeag wie of wat die persone is. 1.7 noem dat as iemand in Christus glo, hy/sy nie lidmaatskap geweier kan word nie. Daar is geen teologiese gronde daarvoor nie.

Die woorde wat dus in artikel 2 met eenheid verbind word, is versoening, gawe en opdrag, samebindende krag (dit is 'n werklikheid, wat nagejaag, gesoek en opgebou moet word), sigbaarheid, sigbare gestaltes, vryheid, verskeidenheid gawes, en ware geloof.

## 2. Wat het hierdie tekste met mekaar in gemeen en wat verstaan Belhar onder eenheid?

Die tekste word aanmekaar verbind deur die woord *eenheid.* Van 1.1 tot 1.7 het elk met 'n faset van eenheid te make. Dit is belangrik om daarop te let dat elke faset ewe belangrik is. Die een kan nie gedoen word en die ander verontagsaam word nie. Indien die een verontagsaam word, word almal verontagsaam.

Verder berus Belhar nie op direkte, enkele Skrifbewyse nie. In al die artikels word eenvoudig 'n hele reeks Bybelse assosiasies opgeroep, om die lesers te herinner aan sentrale Bybelse motiewe (Smit 1998:34). Dit wil sê, dit gaan nie oor hoe Belhar die tekste interpreteer nie, maar gaan juis oor wat Belhar met sentrale Bybelse motiewe bedoel.

Voordat hierop ingegaan word, sal die omstandighede voor die ontstaan daarvan, asook die omstandighede tydens die aanvaarding daarvan, eers geskets word.

Die breë historiese agtergrond van Belhar – die apartheidsteologie en –praktyk, hoe dit ontwikkel het, hoe gereformeerde denke, kerke en teologie dit Bybels gelegitimeer het, die stryd teen apartheid; die stryd in die Suid-Afrikaanse Kerke en die ekumene teen die teologie van apartheid – is welbekend. Enkele opmerkings oor die spesifieke historiese omstandighede waartydens Belhar tot stand gekom het, mag egter wel ter sake wees.

In Augustus 1982 het die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke by Ottawa besluit om 'n staat van belydenis af te kondig oor die situasie in Suid-Afrika, asook oor die teologiese legitimering van apartheid. Dit beteken dat die waarheid van die evangelie in Suid-Afrika op die spel was en in die gedrang gekom het.

Die Wêreldbond se afkondiging van 'n *status confessiones* is aan die 1982-sinode van die NGSK (die destydse Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk) gerapporteer op Vrydagoggend 1 Oktober. Die Sinode het na 'n lang debat hulle met die afkondiging van 'n *status confessiones* vereenselwig.

Wat hierna in die vergadering gebeur het, was heeltmal onverwags en onbeplan. Dit was vir almal 'n algehele en totale verrassing. Prof. Gustav Bam adviseer dat die Sinode sy geloof op positiewe wyse duidelik maak, aan sy eie lidmate en die ander betrokkenes. Die Sinode moet aandui waarom hulle nou, na jare van teologiese en kerklike debat oor apartheid en die gevolge daarvan, verklaar dat die evangeliese waarheid self op die spel staan. Die Sinode moet hierdie geloof in 'n belydenis verwoord.

In sy rede maak Prof. Bam gebruik van die Barmen Verklaring en van Karl Barth se uiteensettinge rondom die Christelike belydenis. Hy haal direk aan uit die Barmen

Verklaring en uit die gedeelte "Gesag onder die Woord" in Barth se Kerklike Dogmatiek 1/3 (Handelinge van die 23ste Sinode van die NGSK 1982, 604-606).

Dit was volgens Bam 'n heilige oomblik en die Sinode, diep onder die erns van die oomblik, volg die advies om sy geloof in 'n belydenis te verwoord. 'n Kommissie (met prof. Bam as voorsitter, twee moderatuurslede en nog twee dosente van die NGSK se Teologiese Skool) word benoem om 'n belydenis te formuleer. Op Maandag 4 Oktober konstitueer die kommissie. Op Woensdag 6 Oktober 1982 word 'n Konsepbelydenis aanvaar. Daarna word dit vir vier jaar in alle gemeentes en ringe van die kerk bespreek, kommentaar word ontvang en verwerk. Op Vrydag, 26 September 1986 word die Belydenis van Belhar deur die NGSK as belydenisskrif aanvaar (Botha & Naudé 1998:33-37; Smit 1998:17-18).

In die lig van hierdie omstandighede, kan nou weer gevra word na wat Belhar met artikel 2 bedoel. Of eerder: Wat bely Belhar in artikel 2? Wat is die geloofsinhoud daarvan? Belhar kom nie met nuwe teologiese argumente en gedagtes na vore nie. Belhar bely of verwoord maar net die geloof oor eenheid wat reeds in die NGSK se lidmate geleef het. Daarom is hierbo reeds gesê dat Belhar nie op direkte, enkele Skrifbewyse berus nie, maar op 'n hele reeks Bybelse assosiasies wat opgeroep word. Dit wil sê, Belhar probeer nie om die tekste te interpreteer nie. Die neerskryf van die belydenis het egter daardie tekste opgeroep.

Die artikel stel dit duidelik dat die een heilige algemene Christelike kerk uit die ganse menslike geslag die gemeenskap van die heiliges vorm. Christus voeg ons saam as 'n sigbare geloofsgemeenskap van mense. Ons is met God en met mekaar versoen. In die kerk is daar geleenthede waar die mense met mekaar met hul verskeidenheid gawes, geleenthede, agtergronde, oortuigings, tale en kulture kan dien en verryk. Dit word gedoen binne die een sigbare volk van God. Dit is nie 'n nuwe gedagte nie. Belhar spel die vanselfsprekende sigbare karakter van die gemeenskap uit. In die lig hiervan word leringe verwerp wat hiermee in stryd is.

Vervolgens kan daartoe oorgegaan word om vas te stel watter eksegetiese vraagstukke rondom die aangehaalde Bybeltekste bestaan. Die bedoeling is om vas te stel watter eksegetiese en teologiese standpunte gehuldig word deur kommentare en Bybelwetenskaplike publikasies oor hierdie tekste. Die bespreking in afdeling 4 hieronder sal dan gebruik word om die assosiasies wat Belhar met hierdie tekste maak, te evalueer.

## 3. Belangrike eksegetiese vraagstukke

### 3.1 Johannes

Aangesien Belhar in "teologiese" en "etiese" sinne opgebou is, is dit veral interessant om te kyk na die etiek van die liefde in die Johannes-evangelie. Etiese momente is regdeur in die evangelie aanwesig (Van der Watt 1992:75). Dit is egter nie noodwendig dat hierdie etiese momente aan die woord liefde verbind is nie (Furnish 192:134).

Volgens Van der Watt (1992:81) is liefde die bepalende verhoudingsketting in die etiek[2] van Johannes. Dit kan beskryf word as 'n houding teenoor iemand wat op 'n verhouding gebaseer is en daardeur bepaal word. Om die teenwoordigheid van die liefde in 'n gelowige te verklaar, word by God as oorsprong begin (Furnish 1992:133). Jesus se liefde dien as voorbeeld van selfopofferende oorgawe in diensbaarheid.

Die bekendste gedeelte waarin aangedui word hoe liefde in dade tot uitdrukking kom, is die voetewas-toneel (hoofstuk 13). Jesus se liefde vir sy dissipels word sterk beklemtoon.

2. Sien verder Van der Watt (1992:74-96) se bespreking oor – (1) Die teologiese basis vir die Johannese etiek; (2) Die aard van die Johannese etiek; (3) Etiek met 'n boodskap.

Dit vind plaas binne die konteks van 'n liefdesdaad (Van der Watt 1992:83). Hierdie teks word dan juis ook deur Belhar aangehaal in die onder-afdeling waar dit oor die liefde handel.

3.1.1 Johannes 13:1-17 (1.4.1)

Hierdie gedeelte is een van vier aktiwiteite die aand voordat Jesus gearresteer word. Die ander drie is: die gemeenskapsmaal (Luk. 22:15-18); die nagmaalsbrood geneem in die midde van die maal (Luk. 22:19) en die nagmaalsbeker geneem na die maal (Luk. 22:20). Binne die Christelike gemeenskap is daar nie eenstemmigheid of hierdie handelinge, die voetewassing in die besonder, in moderne Christelike praktyk voortgesit moet word nie (vgl. Custer 1985:403-410 en Edington 1985:425-434). Wel meen die meeste uitleggers egter dat Jesus deur die voetewassing vir die dissipels wil wys, as rigsnoer, hoe hul onderlinge verhoudinge daar moet uitsien as Hy nie meer daar is nie (vgl. bv. Ridderbos 1992:106). Die voetewassinge simboliseer nie net hul onderlinge verhoudinge nie, maar ook hul verbondheid met Jesus (Groenewald 1980:293).

3.1.2 Johannes 17:20-23 (1.3)

Na aanleiding van Jesus se gebed stel Moulder (1974:17-18) die vraag: "Wat het Jesus begeer moet met ons gebeur?" Die Nuwe Testament gebruik baie die woord "een" om die liggaam van Christus, die Kerk, die Nuwe Verbond in sy bloed te beskryf. Ons moet dus een word en wees. Hy noem vyf dinge wat hierdie Nuwe Verbond beskryf:

a) Daar is net een Nuwe Verbondsgemeenskap (1 Kor. 10:17 en 12:12);
b) Daar is een doop waardeur ons die Nuwe Verbondsgemeenskap betree (1 Kor. 12:12 en Efes. 4:5) en een Nagmaal wat 'n simbool is van die eenheid van die Verbondsgemeenskap (1 Kor. 10:17);
c) Die lede van die Verbondsgemeenskap is een in gedagte en gees, met dieselfde liefde vir die ander, gemeenskaplike sorg vir eenheid (Fil. 1:27 en 2:2); hulle stry as een mens vir die geloof van die Evangelie (Fil. 1:27 en 1 Kor. 3:8, 9). Met een gedagte en een stem soek hulle om die God en Vader van ons Here Jesus Christus te loof (Rom. 15:6);
d) Die lede van die Verbondsgemeenskap bedien mekaar (Rom. 12:5) en deel in mekaar se lyding (Kol. 1:24);
e) Die eenheid wat die lede van die Verbondsgemeenskap ontvang - deur die geloof - transendeer verdeeldheid wat die wêreld gebruik om mense te klassifiseer.

Moulder noem verder dat a) tot e) vir ons 'n aanduiding gee waarom die Here Jesus sê: "dat almal een mag wees" (Joh. 17:21) en wat sy begeerte vir ons is. Ons het hierdie gebed geïgnoreer en ons was aan sy wil ongehoorsaam deur die kerk te verdeel in verskillende denominasies, deur mense van sekere vierings van die Nagmaal uit te sluit; deur toe te laat dat irrelevante kriteria van ras en ideologie bepaal hoe en waar ons Hom moet aanbid en waar ons sy werk moet doen.

Randall (1965:391) noem dat wanneer Christus se dissipels volhard, geestelik en fisies, in hierdie God-Eenheid, dan sal die wêreld weet dat die Vader vir Christus gestuur het. Jesus se gebed moet gesien word teen die agtergrond van onsekerheid, vertwyfeling, asook verwarring by die dissipels, by Jesus se laaste onderwysing vir hulle, by die Nagmaal, voor sy arrestasie. Randall (1965:393-394) gaan van die veronderstelling uit dat die probleem van 'n verdeelde Kerk soos ons dit vandag ken, nie dieselfde is soos dit in die dae van die evangelis was nie. Hy het meer geskryf vanuit die perspektief om die Kerk een te hou, as om dit een te maak. Die klem in ons omstandighede, veral die Suid-Afrikaanse situasie

rondom die NGKerk-familie, is egter daarop dat die kerk nie een moet wees nie, maar een moet word.

Haenchen (1984:155) noem dat die nuwe Christene van die eerste eeu geïntegreer moes word in 'n verenigde groep. Hulle moes groei in daardie eenheid wat die Vader, Jesus en die eerste disspels bind. Dit moet die wêreld oortuig dat Jesus deur die Vader gestuur is. Daarom bid Hy vir hulle eenheid (Groenewald 1980:354). Dit is die verhouding tussen die Vader en die Seun en die Vader-Seun tot gemeente wat die eenheid bepaal (Beasley-Murray 1987:302).

## 3.2 Romeine

Volgens Vorster (1992:97-98) speel die "indikatief-imperatief"-skema 'n beduidende rol as interpretasiemodel wanneer die etiek van Paulus ter sprake kom. Meestal word dit los van die konteks aangewend. Dit het verskeie gevolge, naamlik a) Paulus se etiek word op 'n breë vlak uitgewerk; b) Die skema word 'n te maklike brug waarmee etiese beginsels uit die eerste eeu na die hede oorgebring word; c) Die klem op die "indikatief-imperatief"-skema het gelei tot 'n oordrewe beklemtoning van 'n deontologiese etiek; d) Die skema kan die indruk skep dat die eerste gedeelte van die brief gelyk gestel kan word aan die indikatief, terwyl die paranetiese gedeelte dan as imperatief gesien word. Indien die konteks die uitgangspunt vorm, het etiek dan te make met die vraag wat die korrekte gedrag, optrede of houding binne 'n bepaalde situasie is. Dan beweeg 'n mens op die vlak van die retoriek[3]/

### 3.2.1 Romeine 12:3-8 (1.6)

Jonker (1967:167-168) beklemtoon dat die gemeente 'n eenheid is waarin 'n ryke verskeidenheid gawes voorkom. Hoewel al die gawes nie dieselfde werkinge het nie, is daar tog onmiskenbare eenheid en onderlinge verbondenheid, wat nie weggeredeneer kan word nie. Jonker sonder die woorde "elkeen afsonderlik" uit om die klem te laat val op die belangrikheid van elke lid van die liggaam. Elkeen het sy besondere rol om te speel in die gemeente met die gawe wat aan hom gegee is. Elke gawe moet benut word tot diens van die geheel, maar dan sonder bymotiewe of begeertes of eie gewin. Daarom kan daar nie ruimte wees vir onopregtheid, laksheid of murmurering in die gemeente nie.

Volgens Cranfield (1986:299-308) moet gelowiges as lede van die gemeente hul verhoudinge met ander lede van die gemeente sien in terme van hul Godgegewe gawes. Al die gawes is belangrik vir mekaar en is onder verpligting om mekaar te dien, omdat hulle aan een geheel behoort. Watter eenheid die Romeinse Christene ookal het, is die genade wat hulle het, bewerkstellig deur die voortreflikheid van wat God deur Christus vir hulle gedoen het. Hulle moet hulle gawes gebruik tot diens aan God, tot diens aan mekaar en tot diens aan hulle naaste. Dunn (1988:734), in sy poging om die eenheid te beskryf, sien die liggaam as 'n "charismatiese" gemeenskap. Die funksies van die liggaam is daarom vir hom "charismata". Die gemeente sal as 'n eenheid funksioneer as hulle toelaat dat God op 'n verskeidenheid van wyses deur hulle werk.

## 3.3 1 Korinthiërs

Die doel van dié brief is juis om die probleme in die gemeente te identifiseer en raad te gee, en om die gelowiges daarop te wys hoe om Christus en die naaste lief te hê te midde van 'n verdorwe samelewing.

---

3. Sien verder Van der Watt (1992:97-119) oor die retoriese konteks, die probleem van die Jode, die status en gedrag van die nie-Joodse Christene, konfirmasie van die sterk nie-Joodse geïmpliseerde lesers.

3.3.1 1 Korinthiërs 1:10-13 (1.4.4)
Paulus vra in hierdie gedeelte dat die eenheid herstel sal word, wat deur verdeeldheid, verskeurdheid in die gemeente veroorsaak is (Conzelmann 1975:32). Hulle moet dieselfde taal praat en hulle moet in mekaar pas. Hulle moet saamwerk, saambou aanmekaar, en ander se behoeftes voor hul eie plaas (Witherington 1995:96-97). Hulle moet 'n eenheid wees in dit wat hulle dink en sê as Christene om verdeeldheid te voorkom (Lenski 1963:39). Verdeeldheid plaas groot stremminge op die eenheid van die kerk (Beardslee 1994:24). Die vermaning word dus na twee kante gestel: eerstens positief, dat hulle eenstemmig moet wees en tweedens negatief, dat daar geen skeuringe moet wees nie (Groenewald 1967:25).

3.3.2 1 Korinthiërs 10:16-17 (1.4.5)
Russell (1985:582-602) is van menig dat 'n mens meer gebruik moet maak van inklusiewe taal en mag om simbole te beskryf. Vir haar is patriargie die wortel van die probleem onderliggend aan inklusiewe taal en mag. In 'n patriargale wêreld van dominansie en subordinasie, is taal 'n magtige wapen om die swakke uit te sluit. Tussen patriargie en vennootskap maak sy 'n keuse vir venootskap as sy 1 Kor. 10:16-17 soos volg uitdruk:

> *The cup of blessing which we bless, is it not a (partnership) in the blood of Christ? The bread we break, is it not a (partnership) in the body of Christ? Because there is one bread, we who are many are one body, for we all partake of the one bread.*

Sy gebruik eerder die woord vennootskap in plaas van gemeenskap. Sy gebruik dit juis om te beskryf wat gebeur wanneer daar 'n nuwe fokus van verhoudinge is in die algemene geskiedenis van Jesus Christus wat ons vrymaak vir mekaar.

Die woord "gemeenskap" is weer vir Adamo (1989:39-40) belangrik. Hy noem dat die retoriese styl van Paulus baie belangrik is. Hy (Paulus) veronderstel dat die lesers die antwoorde ken, dat die Here se Maaltyd 'n sakramentele gemeenskap is. Dit verenig die deelnemers in een liggaam. Hierdie liggaam is die liggaam van Christus.

3.3.3 1 Korinthiërs 11:17-34 (1.4.5)
Volgens Horrell (1985:196-202) heers daar 'n ongelukkig situasie in Korinte en het Paulus dit veral oor die gemeente se gedrag by die Nagmaal. Die probleem onderliggend aan die gemeente se gedrag is verdeeldheid. Sommige het hulle eie maaltyd saamgebring wat hulle dan alleen nuttig. Die konflik oor die Here se Nagmaal is 'n konflik tussen die ryk en arm Christene. Die oorsaak was 'n spesifieke gewoonte van die rykes. Hulle gedrag is van so 'n aard dat hulle die Kerk van God verag en die armes beskaamd laat staan.

Volgens Adamo (1989:42) was Paulus so ontstel toe hy hoor dat die kerk, wat veronderstel is om die Here se Maaltyd te vier, diskrimineer teen mekaar. Dit is nie die Here se Maaltyd nie, omdat die kerk nie die plek is waar ander verneder word nie. Paulus gaan nie hiermee saam nie.

Paulus verduidelik dan verder. Die Nagmaal is 'n proklamasie van die Here se dood en is ook 'n vorentoe kyk na wanneer Hy sal terugkeer. Daar moet nie op onwaardige wyse geëet word nie en die liggaam van die Here moet onderskei word. Die Here se maaltyd verseker ook nie magiese immuniteit teen immoraliteit en afgodery nie. Paulus beskrywe die deelname aan die beker en brood as 'n gemeenskap aan die bloed en liggaam van Christus. Die sentrale fokus in die Nagmaal lê vir Paulus in die volgende: "Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood" (1 Kor. 10:17). Daarom is die situasie in Korinte vir Paulus onaanvaarbaar. Die Nagmaal moet 'n uitdrukking wees van eenheid. Horrell (1985) noem dat diegene wat deel van die liggaam

van Christus is deur die Nagmaal uitgedaag word om hulle ook te verbind aan hulle broers en susters in Christus. Met ander woorde, 'n mens kan nie die Vader aanvaar sonder om sy ander kinders ook te aanvaar nie.

Adamo (1989:46) sê dat Paulus die onwaardige eet van die Here se Maaltyd soos volg definieer: a) om dit soos 'n gewone maaltyd te eet; b) om dit te eet sonder liefde vir die ander, met ander woorde om die arme te verag; c) om te faal om die betekenis daarvan te erken – vir en in 'n mens se lewe in terme van Christus se lewe, opstanding en sy heerskappy.

Barton (1986:242) meld dat die bespreking van 1 Kor. 11:17-34 die volgende sosiale werklikhede van die Christelike gemeenskap in Korinte aandui:

a) Die verhouding tussen huishoudelike patrone en kerklike patrone illustreer die wyse van formering en onderhouding van die Korintiese gemeenskap.
b) Die geografiese saamval van huis en kerk verteenwoordig deur die kerk-in-huis, bring na vore 'n reeks van sosiale moontlikhede waar mense soos hulle by die huis optree, so ook in die kerk wil optree - veral waar die huishoudelike struktuur en manlike dominansie in die kerk baie sterk na vore kom in die wyse waarop die rykes teenoor die armes in die gemeente opgetree het.
c) Dit maak dat dit ook in die Here se Maaltyd tot uitdrukking kom en skep sodoende 'n verdelende atmosfeer.

Vir Coyle (1985:423-424) is liefde volgens Paulus baie belangrik. Hoewel die liefde misbruik was en vandag nie wyd beoefen word nie, kan die eenheid tussen liefde en die Nagmaal tog duidelik in 1 Kor. 11 gesien word. Daar is ook 'n organiese band. Die *agape* moet volgens Coyle gesien word as 'n geleentheid om die gebeure en die betekenis van die Laaste Maaltyd van die Here te reflekteer en om die gemeenskap en eenheid te vier.

#### 3.3.4 1 Korinthiërs 12:1-11 (1.6)

Die gedeelte gaan oor die verskeidenheid van geestelike gawes. God is die bron van al die gawes wat vermeld word. God is die eintlike Een wat die werk in al die gelowiges tesame doen. Hy gee die gawes nie dat dit ter wille van sigself gebruik word nie, maar vir die geheel (Witherington 1995:257). Die Gees bepaal hoe die gawes versprei word, sodat een persoon nie meer van homself moet dink as ander nie (Beardslee 1994:115).

#### 3.3.5 1 Korinthiërs 12:4-31 (1.4)

Die gedeelte gaan ook oor die verskeidenheid van geestelike gawes en die eenheid daarvan. Die gawes is nie daar ten koste van die individu nie, maar om die swakke te beskerm en om die wangedrag van die meer aantreklike gawes te verander. Alle dele is nodig vir die liggaam. Paulus wil die klem lê op eenheid. Die lede word deur God gebruik word om die eenheid moontlik te maak (Witherington 1995:258-263). In die eenheid kan die verskillende lede nie geïsoleerde individue wees nie. As hulle hul gawes met mekaar deel, kan hulle nie meer dieselfde wees nie (Beardslee 1994:116-117).

### 3.4 2 Korinthiërs

Paulus skryf die brief om sy eie geloofwaardigheid te bevestig, sy gesag as apostel te verdedig en die argumente van die valse leraars te weerlê. Dit gaan dus oor die evangelieverkondiging, die deel in mekaar se lief en leed en 'n evangeliese lewenspraktyk.

3.4.1 2 Korinthiërs 1:3-4 (1.4.8)
God is die bron en oorsprong van ontferminge en vertroosting. Hy is die vertroostende Vader in ons verdrukking en benoudheid. En as ons ander kant uitkom, kan ons ander bystaan, werklik meelewend bystaan in hul uur van verdrukking en benoudheid (Groenewald 1967:17). Daarom word Paulus nie gesien as 'n persoon wat in afgesonderdheid bly, en onaangeraak is deur ander se pyn, leed en smart, verdrukking en benoudheid nie (Martin 1986:11-12). Paulus vra dus van sy lesers om gewers van vertroosting te wees (Witherington 1995:358).

## 3.5 Galasiërs
Hier word nie net 'n beeld gegee van hoe 'n deel van die jong kerk 'n kritiese oorgang in sy geskiedenis moes hanteer nie, maar ook een van die mees eksplisiete uiteensettings van die aard van die Christelike etiek. Hierdie twee sake staan nie los van mekaar nie.

Die brief word gewoonlik in drie dele verdeel: die sogenaamde historiese gedeelte (hoofstukke 1-2), waarin die aanleiding tot die brief uiteengesit word, die teologie gedeelte (hoofstukke 3-4), waarin Paulus die teologiese grondslag van die evangelie wat aan die Galasiërs verkondig het, beredeneer en die etiese gedeelte (hoofstukke 5-6), waar die apostel die aard van die Christelike vryheid en die implikasies daarvan vir die gedrag van die gelowiges verduidelik (Lategan 1992:132-133).

3.5.1 Galasiërs 3:27-28 (1.6)
Paulus neem die tema van 3:14 weer op en kom tot 'n opspraakwekkende gevolgtrekking. Lidmaatskap van die volk van God word nie bepaal deur menslike afstammelinge nie. Die seën wat God aan Abraham belowe het, geld vir almal. Geloof in Christus maak jou 'n kind van God. 'n Nuwe huisgesin kom tot stand, waar die natuurlike verdeling tussen geslagte, nasionaliteit en afkoms van sekondêre belang is. Sodoende kom 'n nuwe eenheid tot stand. Deur die geloof kom 'n nuwe geslag tot stand. Die eenheid moet vir die gelowige die allesoorheersende werklikheid van sy bestaan wees. Die eenheid het nie slegs betekenis vir die geloofslewe of vir die geestelike sy van die menslike bestaan nie. Dit het volgens Paulus onontwykbare konsekwensies vir die kulturele, sosiale en openbare aspekte waarin die gelowige hom bevind. Wanneer die kulturele, sosiale en openbare aspekte van jou lewe hoogste waarde en eerste lojaliteit word, word die eenheid verdring en bedreig. Dan word ideologie die gelowige se hoogste lojaliteit. In die liggaam is verskille nie ter sake nie, maar eenheid (Lategan 1986:72-77). As 'n persoon tot geloof gekom het, dan is wie en wat die persoon is irrelevant. Die doop verenig mense oor nasionale grense, geslags-, kulturele en sosiale grense heen (Morris 1996:121-123). Longenecker (1990:159) vat dit verder as hy noem dat wanneer 'n persoon tot geloof kom, hy toegevoeg word tot 'n nuwe geestelike, sosiale en kulturele gemeenskap, die gemeenskap van die gelowiges.

3.5.2 Galasiërs 6:2 (1.4.8)
Hierdie vers vorm deel van 'n gedeelte wat gaan oor die Christelike vryheid (Gal. 5:25-6:10). Die feit dat die gelowiges verantwoordelik is vir mekaar, beteken dat hulle mekaar sal ondersteun en mekaar se laste dra. Dit gee 'n nuwe inhoud aan liefde, wat moontlik gemaak is deur Christus se selfoorgawe aan die kruis. Dit word die nuwe norm waaraan die vervulling van die wet getoets word, die nuwe norm dat ons mekaar in liefde moet dien (Lategan 1986:110-112). Volgens Morris (1996:178) moet die lede hul lewe leef as hulpvaardige mense, altyd bereid om die las van ander persone se skouers te lig. Dus is die konsep van wederkerigheid sentraal tot die nuwe bestaan in Christus (Longenecker 1990:274).

## 3.6 Efesiërs

Die etiese komponent van die brief maak 'n besonder groot gedeelte van die brief uit. Die vraag kan gevra word waarom die outeur soveel aandag aan die etiese imperatiewe gee. (Pelser 1992:144). Fischer (1973:146) en Schrage (1982:233) is van mening dat dit daaraan toegeskryf moet word dat dit die outeur, wat nie institusioneel die eenheid van die kerk kan waarborg nie, hom op hierdie wyse probeer beywer vir 'n gemeenskaplike Christelike lewensstyl waardeur die gemeente hom van die wêreld rondom hom kan onderskei.

In terme van die indikatief-imperatief in hierdie brief, is daar aanduidings dat die skrywer bepaalde etiese imperatiewe op die heilsindikatief grond (Schrage 1982:231; Schulz 1987:578). Net die feit dat die paranese by 4:1 met *oûn* begin, dui daarop dat wat verder gesê word, as konsekwensies gesien moet word van wat aan die orde gestel is, naamlik dat die lesers geheiligdes en gelowiges is; dat God hulle op elke wyse en in die hemel geseën het (Pelser 1992:144).

### 3.6.1 Efesiërs 2:11-22 (1.1)

Die belangrikste woorde wat in hierdie gedeelte na vore kom, is die woorde "versoening" en "vrede". Dit blyk dat hierdie woorde belangrik is op die weg na eenheid. Eenheid geskied dus deur versoening en vrede te bring. Vir Martin (1996:218) is versoening gebaseer op eenheid. Daar moet eers versoening en vrede wees voordat daar eenheid kan wees. Hy baseer dan sy argument op vers 14, naamlik: "Want Hy is ons vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding afgebreek het." Christus se versoeningswerk het die grense wat daar was, afgebreek. Deur sy bloed het dié wat vervreemd was van mekaar familie geword. Hy het die verdeelde muur van vyandskap afgebreek. Sy vrede het 'n nuwe mensheid kom skep. Vrede en versoening is die kenmerk van die nuwe mensheid. Sy vrede het uiteenlopende mense met mekaar kom versoen (Long 1991:281; Howard 1986:302-305).

Verskeie elemente duik uit hierdie konteks op in die stelling (vers 14) wat Paulus maak, naamlik:

a) die onderliggende vervreemding tussen mans en vrouens is herstel deur die dood van die Messias;
b) die vyandskap tussen Jood en heiden word hierdeur oorkom en geneutraliseer;
c) hierdie uiteenlopende segmente van die eerste eeuse wêreld word geroep tot 'n harmonieuse vriendskap in die gemeenskap van die gelowiges;
d) beide Jood en heiden, wat in 'n proses was om hul etniese bevoorregting te verloor, verwerf iets wat deur Paulus as ver beter beskou word, naamlik 'n plek in die liggaam van Christus. Hierdie gemeenskap vorm 'n nuwe geslag van mans en vrouens. Hulle nuwe voorregte is versoening en vrede met God, wat insluit toegang tot God deur Christus, 'n plek in God se familie en 'n toekoms as die eskatologiese tempel van God. Jood en heiden word dus met mekaar versoen deur die dood van Christus. Christus is die Hoeksteen waarop die liggaam tot 'n eenheid opgebou word (McKelvey 1962:358).

Om dit te kan geniet, moet die een nuwe gemeenskap/skepping van God 'n wedersydse gemeenskap wees, wat mekaar vergewe en met mekaar versoen is. Dit sal nie moontlik wees as die gemeenskap geskei en verdeeld is, as daar nog onversoendheid en onvrede is nie. Dit blyk dat "versoening" en "vrede" die voorwaarde is, sowel as die vrugte van eenheid. Dit veronderstel dat daar geen skeidingsmuur moet wees tussen die lede van die gemeenskap van God nie.

Die afbreek van die skeidingsmuur deur Christus beteken vir Story (1985:10-11) nie net die afbreek van mure tussen mense onderling en met andere nie; dit beteken ook tussen kulture en tussen verskillende rasse. Hulle word dan saamgevoeg in een liggaam. Hierdie skeidingsmuur dien as 'n metafoor vir verwydering en vyandigheid. Die afbreek daarvan beteken dan versoening en vrede. Indien Jood en heiden volgens Paulus na dieselfde God kom, in dieselfde Gees, deur dieselfde Messias, kan daar nie afdelings gebou word tussen hulle nie. As die muur dan weg is, kom daar 'n nuwe gemeenskap tot stand. Dit is uitsluitlik die werk van Christus. Dit is nie die werk van mense nie. In alles staan Christus sentraal (McMahan 1996:264-265).

3.6.2 Efesiërs 3:14-20 (1.4.6)

Hierdie gedeelte gaan basies oor Paulus se gebed vir sy lesers (Polhill 1996:268). Hy bid vir verskeie sake wat begin vanaf verse 16-19. Indien dit inderdaad God se doel is om alles en almal onder Christus te verenig, dan moet hulle tot Hom groei wat die skeidingsmuur tussen hulle en God en tussen hulleself afgebreek het. Om hierdie eenheid te handhaaf, sodat daar nie weer skeidingsmure opgebou word nie, is dit nodig dat almal saam sal begryp wat die breedte en lengte en hoogte en diepte van God se liefde is. Paulus gaan hier van die veronderstelling uit dat dié een wat gewortel en gegrondves is in hierdie liefde, wat die breedte en lengte en hoogte en diepte van hierdie liefde begryp, weet dat Christus se liefde nie gehandhaaf kan word deur menslike verstaan nie. Die dimensies van God se liefde is sonder grense, trotseer enige grense wat deur die mens geskep word, wat verdeeldheid bring, om sodoende die eenheid te handhaaf. Die aard van God se liefde is dat God ons tesame liefhet, met dieselfde liefde, en nie afsonderlik nie (Jarvis 1991:284-285).

3.6.3 Efesiërs 4:1-6 (1.4.4)

Die basis van die eenheid van die kerk is die een Gees, een hoop, "een Here, een geloof, een doop, een God en Vader van almal" (4:4-6) (Polhill 1996:269). 'n Mens kan nie die eenheid handhaaf op grond van sosiale vraagstukke en ekonomiese gelykheid nie (Marshall 1996:195-196). Die eenheid word gehandhaaf op grond van Christelike deugde (verse 1-2) en die eenheid van God (verse 3-6). Christelike deugde druk uit dat groepe mense in vrede met mekaar kan saamlewe. Die imperatief van die eenheid lê in die feit dat daar maar net een God is: Vader, Seun en Heilige Gees. As die kerk waarlik die volk van God is, moet dit sigbaar 'n houding van eenheid vertoon. God se eie eenheid definieer die kerk se eenheid. As die kerk nie een is nie, beteken dit God is nie een nie, wat tog onmoontlik is. Verse 4-6 demonstreer hoe belangrik die eenheid is vir die wese en lewe van die kerk (Barth 1974:451). Daarom kan die eenheid van God alleenlik aanbid en bely word deur die eenheid van die kerk, nie deur 'n verdeelde kerk nie. Ons moet die sigbare eenheid van die kerk verklaar as God se doel vir sy mense. Ons moet werk en bid vir vernuwing in ons aanbidding, getuienis en gemeenskap (Dockery 1991:79-82).

3.6.4 Efesiërs 4:1-16 (1.2)

Hierdie gedeelte gaan oor hoe om die eenheid van die kerk te bevorder en te handhaaf (Polhill 1996:269) in alle opsigte en onder alle omstandighede. Dit word as 'n etiese imperatief (*parakalò oûn*) gesien (Pelser 1992:146).

Die lesers se lewenspraktyke moet op geen manier die eenheid in gevaar stel nie. Die eenheid moenie skade ly nie. Hulle dade moet elke dag die eenheid van die kerk bevorder. Hierdie eenheid is deel van God se reddingsdade. Verse 4-6 dien as motivering om die eenheid te bewaar. Dit dien as 'n appél om die eenheid te beoefen (Lincoln 1990:265). Die eendheid is 'n integrale deel van die kerk se belydenis en leer. Hulle moet mekaar verdra en nie van mekaar wegdryf nie. Gebeur dit, dan word die eenheid verbreek. Dan is hulle

ongehoorsaam en is hulle lewenswandel nie in ooreenstemming met die evangelie wat die lede van die kerk aanvaar het nie. Ons moet geen moeite ontsien om die eenheid te herstel nie. Die verskeidenheid van gawes word geskenk sodat die eenheid gedien kan word. Dit is geen doel opsigself nie (Roberts 1983:103-126).

3.6.5 Efesiërs 4:7-13 (1.6)
Hierdie gedeelte gaan oor die verskeidenheid van gawes waarmee die eenheid gehandhaaf moet word (Pohill 1996:269). Eenheid beteken nie noodwendig eendersheid nie. Die dele in die liggaam van Christus is nie almal identies aan mekaar nie. Daar is 'n groot verskeidenheid van gawes onder die verskillende lede van die liggaam. Dit is eenheid in verskeidenheid. Christus het aan elkeen van die lede die vermoë gegee om 'n unieke en voordelige bydrae tot die geheel te maak. So word die liggaam van Christus opgebou. Wat beteken dit dan dat die liggaam opgebou word? Dit beteken die volgende: "totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus" (vers 13). Ons bestemming is geestelike volwassenheid en volwasse mensheid, om ons mensheid te vervul, om man en vrou te wees soos die Here dit wil hê toe Hy die mens geskape het (Strauss 1986:260-264). Die begrip "volwasse man" (vers 13) volgens Vogt (1985:80) geld vir man en vrou albei en verwys na 'n a-seksuele sfeer. Daar moet dus geen geslagsdiskriminasie wees in die handhawing van die eenheid nie.

## 3.7 Filippense
Die etiese voorskrifte aan die gemeente is gegrond in Christus se ganse geskiedenis. Paulus hou homself aan die gemeente as die rolmodel voor. Die gemeente word opgeroep om hul optrede aan die hand van die nuwe waardesisteem wat Christus daargestel het, te oriënteer.

4.7.1 Filippense 2:1-5 (1.4)
Hoekema (1985:37) noem dat die gereedheid om ander meer in ag te neem as jouself, een van die aanleidende redes vir die formulering in Fil. 2:2 is. Die gemeenskap word dus vermaan om een te wees deur die volgende: vermy kompetisie en verwaandheid deur jouself beter as ander te ag, en sien om na die belange van ander eerder as jou eie. Hierdie gesindheid is in Christus Jesus en moet ook in hulle wees. Juis in die voorafgaande verse 27-30 word die lesers opgroep tot eenheid sonder om bevrees te wees vir hulle vervolgers.

Waar die gesindheid heers wat in vers 2 voorkom, word die onderlinge eenheid bevorder en word die gelowiges aan mekaar gebind deur belangstelling, waardering, onselfsugtige liefde en opregte eerbetoon. Die wet van God eis dit, die liefde in ons hart pleit daarvoor en die voorbeeld van Christus inspireer daartoe (Müller 1992:48-49). Dit lei verder daartoe dat die eenheid sal floreer, die Kerk sal groei en elke Christen in die geloof versterk sal word (Hawthorne 1983:71).

Die oproep tot eenheid en eensgesindheid is ook onderliggend aan 'n groot deel van die kommunikatiewe inhoud en retoriese stukrag van die brief. Dit verkry spesifiek prominensie, veral in 2:1-5 en in samehang met die Christus-lied (2:6-11) (Pretorius 1992:190).

## 3.8 Jakobus
Volgens Smit (1990:226-227) is een van die belangrikste temas in dié boek die van heelheid in die gemeente. Verskillende woorde word hiervoor gebruik, naamlik "volmaak", "sonder gebrek", "volkome", "heel", "onverdeeld", "ongebroke". Kotzé (1991:484) noem dit 'n lewe van "volkomenheid". Met "volkomenheid" word nie perfeksionisme bedoel nie,

maar word aan die volgende maatstawwe voldoen: die wet van naaste liefde (2:8); die gesindheid van Christus (2:1) en die eienskappe van die wysheid van Bo (3:17) (Kotzé 1990:42). Sonder heelheid kan daar nie eenheid wees nie. Vir Martin (1988:lxxix-lxxxvi) moet die volgende temas in Jakobus in ag geneem word: heelheid (1:4a, b; 1:17; 1:25; 3:2; 2:8; 2:10; 2:22; 3:2; 3:6), wysheid (1:5; 1:17; 3:13; 3:15; 3:17) en die piëteit van die arme (1:9-11; 2:3-7(15-16); 5:1-6, 7-11)[4].

Smit (1990:230-232) maak dit (heelheid) veral van toepassing op die Suid-Afrikaanse konteks as hy verwys na Boesak, Tutu en die situasie in die NGK-familie. Ten diepste was apartheid en rassisme niks anders nie as "aanneming van die persoon" nie. Dit kom neer op partydigheid, diskriminasie, klassifisering en hantering van mense op grond van hulle voorkoms. Hy haal Allan Boesak aan wat sê "dat rassisme is 'n vorm van afgodery waarin die dominante groep vir hulself 'n hoër status as die ander veronderstel en deur mag in watter vorm God in mense se lewens wil speel." Hy haal ook Desmond Tutu aan wat op dieselfde trant skryf deur te sê dat apartheid 'n biologiese eienskap, wat werklik irrelevant is in die bepaling van menswaardigheid, tot die belangrikste etniese onderskeiding verhef het.

3.8.1 Jakobus 2:1-13 (1.6)

Smit (1990:233-234) noem dat om 2:1-13 te verstaan, 'n mens die aansluiting by 1:21-27 moet raaksien. Die woord wat God in hulle geplant het en wat hulle kan red, moet hulle nie net hoor nie, maar moet hulle ook doen. Die uitdrukking "die wet wat vry maak" is vir Jakobus die sleutelterm. Hy gebruik dit weer in 2:12. Dit open nuwe lewensmoontlikhede.

Een van die belangrikste vraagstukke in die brief is die verskil tussen rykdom en armoede. Armoede moet egter nie net geestelik verstaan word nie, maar ook fisies. Jak. 2:1-13 word dan juis as 'n spieël voor die kerk gehou waarin hulle hul eie foute kan erken. Hulle word beveel om nie tussen mense te onderskei nie. As voorbeeld word die diskriminasie in die kerk tussen ryk en arm voorgehou. God het juis die arme verkies om ryk te wees (Hartin 1992:280-282). Daar moet nie voortrekkery of partydigheid wees in die gemeente nie (Smelik 1980:46; Dibelius 1976:124). Geen persoon mag voorkeur behandeling bo 'n ander persoon kry nie (Martin 1988:73). Dit kan die eenheid in die gemeente versteur en aanleiding gee tot innerlike verdeeldheid (De Vries 1991:47).

## 4. Gevolgtrekking

Dit is duidelik dat die historiese omstandighede tot die ontstaan en die aanvaarding van Belhar 'n faktor was van hoe Belhar eenheid verstaan; van hoe eenheid in die harte van die NGSK geleef het en nou in die VGK[5] leef. Belhar is op verskeie wyses ingeweef in die lewe van die VGK: in die verkondiging van die Woord, die liturgie, kategese, pastorale sorg, besprekings en konferensies, in publikasies en teologiese opleiding.

Die identiteit van die VGK druk die huidige situasie in die NGK-familie uit. Die geboorte en bestaan van die VGK is 'n direkte gevolg van die geskiedenis van Belhar. Enige vorm van aanvaarding van die VGK impliseer die aanvaarding van Belhar. Diegene

4. Vgl. met Kistemaker (1986:12-17) wat die volgende temas noem: Christologie, gebed, geloof, wet, geloof en werke, beproewing en onderwerping.

5. Die lang proses van kerkeenheid tussen die Nederduitse Gereformeede Kerk in Afrika (die sogenaamde swart kerk) en die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (die sogenaamde bruin kerk) is op die basis van die inhoud van Belhar voorberei. Die verenigende kerk is op 14 April 1994 gestig as die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika. "Verenigende" sê dat die proses van vereniging is nog nie klaar nie. Dit is 'n voortgaande proses om sodoende die hele NGK-familie in te sluit.

wat met die VGK wil verenig, verenig met Belhar. Die VGK is Belhar en Belhar is die VGK. Belhar het vlees en bloed geword.

Die punt is dit dat vir eenheid die VGK nooit van Belhar sal afsien nie. Die enigste eenheid sal gebaseer wees op dit wat Belhar bely. Sekerlik is Belhar gebrekkig in sy formulering. Teoloë kan uitstekende formulerings in 'n oneindigende proses omskep.

Die inhoud, en dan spesifiek art. 2 van Belhar, bly egter dit waarin die lidmate glo en wat hulle wil uitleef. Dit is hoe hulle die evangelie verstaan. Dit is hoe hulle die tekste (art. 2) verstaan wat in Belhar aangegee word. Die lidmate glo steeds, selfs in die nuwe bedeling, daarin en leef dit uit, al is die formulerings soms gebrekkig. Die aanspraak en gesag van enige Gereformeerde Belydenisskrif lê dus in die inhoud van dit wat bely word.

Die waarheid van Belhar is dus nie van apartheid afhanklik nie. Die relevansie van Belhar het nie met apartheid verdwyn nie. 'n Belydende kerk is nie een wat 'n belydenis het nie, maar een wat hul belydenis is; een wat hul strukture en optrede sigbaar maak sodat die wêreld kan sien.

'n Eienskap van 'n belydenisskrif is om die Skrif oor Bybelse motiewe na te praat. Dit is wat Belhar doen. In al die tekste wat aangehaal word, in art. 2, sê Belhar hoe hy eenheid verstaan, hoewel die samestellers van Belhar nie bedoel het om breedvoerige eksegetiese beredenerings te doen nie[6]. 'n Mens sou egter kon sê dat die eksegete en die opstellers van Belhar met mekaar saamstem oor eenheid. Belhar volg dus die Skrif getrou na in sy verstaan oor eenheid.

Gedurende die omstandighede wat geheers het tydens die aanvaarding van Belhar, het Belhar beide 'n resisterende as vertroostende rol vervul. Dit het teenstand gebied teen die status quo[7] van die dag, maar het ook vertroosting gebied veral vir die wonde wat deur die omstandighede veroorsaak is. Dit het helend ingewerk op die gemoed van mense (veral op die lidmate van die destydse NGSK wat nou deel is van die VGK).

Wat was dan die oorspronklike ervaring rondom die aanvaarding van Belhar? Die NSGK was met die samestelling en aanvaarding van Belhar seker dat die inhoud van Belhar wyer reaksie sou uitlok en dat 'n nuwe era in die diskussie rondom apartheid in kerklike kringe moontlik sou wees. Die diskussie op grondvlak het met die ontvangs van Belhar geweldige entoesiasme geskep omdat Belhar dit gesê waarin die lidmate van die NGSK geglo het.

Waar Belhar die VGK en die Kerk in die breë sal heenlei, kan nie voorspel word nie. In sy uitdaging word Belhar 'n kritiese voorbeeld, 'n maatstaf, 'n steen des aanstoots, waardeur ons ernstigheid, ons eerlikheid, ons getrouheid, ons integriteit getoets word. Wat ookal die agtergrond van Belhar mag wees, ons kan sy inhoud nie ignoreer nie. Die inhoud van Belhar kring wyer uit as sy oorspronklike konteks. Die Belydenis van Belhar is nie vir Suid-Afrika alleen nie. Dit is vir die wêreld!

6. Dit sou onmoontlik gewees het, want die kommissie het op 2 Oktober 1982 gekonstitueer en op 4 Oktober 1982 het die kommissie die teks aan die Sinode voorgelê. Om in die bestek van 'n paar dae behoorlike eksegese te gedoen het, sou ontmoontlik gewees het.

7. Naamlik, die beleid van apartheid en die teologiese regverdiging daarvan. In die tyd toe die Belydenis in 1982 saamgestel en as konsep aanvaar is, en in 1986 as belydenisskrif aanvaar is, was die stryd in Suid-Afrika op sy hoogtepunt. Dit was die tyd van die noodtoestand en totale onderdrukking, die jare voor die begin van die demokratiese proses in 1990.

# BIBLIOGRAFIE

Adamo, DT 1989. "The Lord's Supper in 1 Corinthians 10:14-22, 11:17-34", *Africa Theological Journal* vol. 18 no. 1, 36-48.

Barth, M 1974. *Ephesians*. Anchor Bible, vol. 34. New York: Doubleday.

Barton, SC 1986. "Paul's sense of place; an anthropological approach to community formation in Corinth", *New Testament Studies* vol. 32, 225-246.

Beardslee, WA 1994. *First Corinthians*. St. Louis: Chalice Press.

Beasley-Murray, GR 1987. *John*. Word Biblical Commentary vol. 36. Waco: Word Books.

Botha, J & Naudé, P 1998. *Op pad met Belhar*. Pretoria: JL van Schaik.

Conzelmann, H 1975. *1 Corinthians*. Vertaal deur Leitch, JW Philadelphia: Fortress Press.

Coyle, JT 1985. "The Agape/Eucharist relationship in 1 Corinthians 11", *Grace Theological Journal* vol. 6 no. 2, 411-424.

Cranfield, CEB 1986. *Romans*. Edinburgh: T & T Clark.

Custer, J 1985. "When is Communion Communion?", *Grace Theological Journal* vol. 6 no. 2, 403-410.

De Vries, E 1991. *De Brief van Jakobus*. Kampen: JH Kok.

Dibelius, M 1976. *James*. Vertaal deur H Greeven uit *Der Brief des Jakobus* (Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht) 1964. Philadelphia: Fortress Press.

Dockery, DS 1991. "Ephesians 4:1-6", *Review and Expositor* vol. 88, 79-82.

Dunn, JDG 1988. *Romans 9-16*. Word Biblical Commentary, vol. 38b. Dallas: Word Books.

Edington, A 1985. "Footwashing as a Ordinance", *Grace Theological Journal* vol. 6 no. 2, 435-455.

Engberg-Pedersen, T 1991. "Proclaiming the Lord's Death: 1 Corinthians 11:17-34 and the Forms of Paul's Theological Argument", *Society of Biblical Literature* 1991, 592-617.

Farner, D 1985. "The Lord's Supper until He comes", *Grace Theological Journal* vol. 6 no. 2, 391-401.

Fischer, J 1973. *Tendenz und Absicht des Epheserbriefes*. Göttingen: Vandenhoeck.

Furnish, VP 1972. *The love command in the New Testament*. London: SCM.

Groenewald, EP 1967. *Die Eerste en Tweede Briewe aan die Korinthiërs*. Kaapstad-Pretorius: NG Kerk-Uitgewers.

Groenewald, EP 1980. *Die Evangelie van Johannes*. Kaapstad: NG Kerkuitgewers.

Haenchen, E 1984. *John 2*. Vertaal deur Funk, RW Philadelphia: Fortress Press.

Handelinge van die 23$^{ste}$ Sinode van die NGSK 1982, 604-606.

Hartin, PJ 1992. "Armoede en rykdom: Die brief van Jakobus en die verworpenes van die samelewing", *Scriptura* vol. S9a, 275-290.

Hawthorne, GF 1983. *Philippians*. Word Biblical Commentary, vol. 43. Waco: Word Books.

Hoekema, A 1985. "How we see ourselves", *Christianity Today* vol. 29 no. 16, 36-38.

Horrell, D 1985. "The Lord's Supper at Corinth an in the Church Today", *Theology* vol. 78 no. 782, 196-202.

Howard, JE 1986. "The Wall Broken: An Interpretation of Ephesians 2:11-22", 296-306, in *Biblical Interpretation*, Kearley, FF (red.); Myers, EP (red.) & Hadley TD (red.). Grand Rapids: Baker Book House.

Jarvis, CA 1991. "Ephesians 3:14-21", *Interpretation* vol. 45, 283-288.

Jonker, WD 1967. *Die Brief aan die Romeine.* Kaapstad-Pretoria: NG Kerk-Uitgewers.

Joubert, S 1992. "Op maat van die musiek – die lewende familie van God in Filippi", *Scriptura* volS9a, 164-180.

Kistemaker, SJ 1986. *Exposition of the Epistle of James and the Epistle of John.* Grand Rapids: Baker Book House.

Kotzé, PPA 1990. *Die Brief van Jakobus.* Lux Verbi: Kaapstad.

Kotzé, PPA 1991. "Jakobus roep die kerk van sy dag op tot verwesentliking van die evangelie", 468-493, in *Teologie in Konteks*, Roberts, JH e.a. (reds.). Pretoria: Orion.

Kurz, WS 1985. "Kenotic Imitation of Paul and of Christ in Philippians 2 and 3, 103-126, in *Discipleship in the New Testament*, Segovia, FF (red.). Philadelphia: Fortress Press.

Lategan, BC 1986. *Die Brief aan die Galasiërs.* Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Lategan, BC 1992. "Oor vryheid en verantwoordelikheid", *Scriptura* vol. S9a, 123-143.

Laws, S 1980. *The Epistle of James.* London: Adam & Charles Black.

Lenski, RCH 1963. *The Interpretation of St. Paul's First and Second Epistles to the Cotinthians.* Minneapolis: Augsburg Publishing House.

Lincoln, AT 1990. *Ephesians.* Word Biblical Commentary, vol. 42. Dallas: Word Books.

Long, WR 1991. "Ephesians 2:11-22", *Interpretation* vol. 45, 281-283.

Longenecker, RN 1990. *Galatians.* Word Biblical Commentary, vol. 41. Dallas: Word Books.

Marshall, MT 1996. "The Fullness of Incarnation: God's New Humanity in the Body of Christ", *Review and Expositor* vol. 93, 187-201.

Martin, RP 1986. *2 Corinthians.* Word Biblical Commentary vol. 40. Waco: Word Books.

Martin, RP 1988. *James.* Word Biblical Commentary vol. 48. Waco: Word Books.

Martin, RP 1996. "Reconciliation and Unity in Ephesians", *Review and Expostor* vol. 93, 203-235.

McMahan, C 1996. "The Wall is Gone!", *Review and Expositor* vol. 93, 261-265.

McKelvey, RJ 1962. "Christ the Cornerstone", *New Testament Studies* vol. 8, 352-359.

Morris, L 1996. *Galations: Paul's charter for Christian freedom.* London: IVP.

Moulder, J 1974. "Unity: The Jesus Prayer", *Journal of Theology for Southern Africa* no. 6, 17-22.

Müller, JJ 1992. *Die Brief aan die Filippense; Die Brief aan Filemon.* Verklaar en ehrsien deur EP Groenewald. Kaapstad: NG Uitgewers.

Pelser, GMM 1992. "Die Brief aan die Efesiërs", *Scriptura* vol. S9a, 144-163.

Pohill, JB 1996. "A Teaching Outline of Ephesians", *Review and Expositor* vol. 93, 267-269.

Pretorius, EAC 1992. "Filippense – Die Evangelie van Kerkwees in die skadu van die Establishment", *Scriptura* vol. S9a, 181-203.

Randall, JF 1965. "The theme of unity in John 17:20-23", *Ephemerides Theologicae Lovanienses* vol. 51 no. 3, 373-394.

Reicke, B 1964. *The Epistles of James, Peter, and Jude.* Garden City, New York: Doubleday.

Ridderbos, HN 1992. *Het Evangelie naar Johannes.* Kampen: JH Kok.

Roberts, JH 1983. *Die Brief aan die Efesiërs.* Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Russell, LM 1985. "Inclusive language and power", *Religious Education* vol. 80 no. 1, 582-602.

Ropes, JH 1973. *A Critical and Exegetical Commentary on the Epistle of St. James.* Edinburgh: T & T Clark.

Schrage, W 1982. *Ethik des Neuen Testaments.* Göttingen: Vandenhoeck.

Schulz, S 1986. *Neutestamentliche Ethik.* Zürich: Theologischer Verlag.

Smelik, EL 1980. *De Brief van Jakobus.* Nijkerk: GF Callenbach.

Smit, DJ 1990. "Jakobus 2:1-13", 225-236, in *Riglyne vir die prediking oor vrede*, Woord teen die lig III/1, Burger, CW (red.), Müller, BA (red.) & Smit, DJ (red.). Kaapstad: Lux Verbi.

Smit, DJ 1998. "Bibelarbeit zu Abschnitten des Belhar-Bekenntnisses", in *Das Bekenntnis von Belhar und siene Bedeutung für die reformierten Kirchen in Deutschland,* Studientagung 15-17 Mai 1998 in Detmold Dokumentation, 34-44.

Smit, DJ 1998. "Das Belhar-Bekenntnis – Entstehung, Inhalt, Rezeption, Relevanz", in *Das Bekenntnis von Belhar und seine Bedeutung für die reformierten Kirchen in Deutschland,* Studientagung 15.-17. Mai 1998 in Detmold Dokumentation, 17-33.

Story, CIK 1985. "Peace: A Bible Study on Ephesians 2:11-3:21", *Evangelical Review of Theology* vol. 9, 8-17.

Strauss, RL 1986. "Like Christ: An Exposition of Ephesians 4:13", *Bibliotheca Sacra* vol. 143, 260-265.

Van der Watt, JG 1992. "Julle moet mekaar liefhê: Etiek in die Johannesevangelie", *Scriptura* vol. S9a, 74-96.

Vogt, K 1985. "Becoming Male: One Aspect of an Early Christian Anthroplogy", 72-83, in *Women-Invisible in Theology and Church*, Fiorenza, ES (red.) & Collins, M (red.). Edinburgh: T & T Clark.

Witherington, B 1995. *Conflict and Community in Corinth.* Grand Rapids: William B Eerdmans.